



INSPIRASIE VIR ONSE PROJIEK: KIX KOESTER KINDERS

NG Kerk Strand-Noord se Kix staan bekend as "Maats-In-Aksie"

In 2009 het Strand-Noord se Kix-groepie gehoor van Malingunde, tannie Anna-Marie de Klerk en die behoefte om 'n kleuterskool vir die Malawi-maats te begin.

Ons kinders wou help om daardie liggie vir Jesus ver in Malawi, 3000 km van hulle af, aan te steek. Hulle verkoop toe swartsakke, speelgoed en hou spesiale

kollektes. Almal is so bly om te hoor hoe daardie skooltjie blom!

Agt jaar later kom draai die projek weer voor ons deur en ons is so dankbaar om te hoor hoe geseënd Kix-Malingunde is.

Die Kix-maats van 2017 hoor van Kix-Malingunde se klein begin in 2009. Hulle wil ook help! Maar hoe?

Ons besluit om die Kix-maats van 2009 te nooi!

Ons nooi ook jongmense van ons plaaslike Hoërskool wat 'n verskil maak in die gemeenskap.

Carli Benade en Anouska Gerber van "Ti Amo" kom wys en vertel ons Kinderkerk waar hulle oral betrokke is en deel met ons die wonderlike "warm"-hartige werk wat hulle doen. Hulle maak 'n verskil - al is dit om 'n kind te help met die moeilike wiskundesom, of om 'n bordspeletjie of kaart saam met 'n oupa te speel.



Ons nooi ook 'n jong atleet wat oor God se ingryping in sy lewe getuig. Die Kinderkerk hang aan Zaid Williams se lippe. Die lig van God straal uit die jong man terwyl hy inspirerende verhaal deel en ons hardloop saam met hom oor daardie wenstreep.



En so gebeur dit toe dat KIX-maats van 2009 saam met KIX-maats van 2017 op die kerkverhoog stap! Ons Kix-maats van 2009 is nou jong mans en dames, gereed om hulle plek vol te staan in die samelewing. Hulle is trots dat hulle in 2009 deel was van die projek en verstaan vandag hoe nodig hul leiding en teenwoordigheid is.



Elger Braasch (17), Jan-Louis de Bruin (18) en Derik Nortje (14) vertel van die projek se begin in 2009 en inspireer mense om betrokke te raak terwyl ons klein KIX-maats met blink oë na hulle opkyk.



**Dan gee Elger simbolies 'n klein liggie aan Cloete (9).
Cloete was maar 'n baba toe Elger en sy maats die projek in
2009 begin het. Maar vandag is dit Cloete en die KIX van 2017
se beurt om hulle liggies helder vir Jesus te laat skyn.**

'n Groot oomblik!

**Wie weet as Cloete oor agt jaar daardie liggie aangee...
hoeveel meer kinders het ons dan gehelp om van Jesus te leer!**

'n Groot dankie aan Bianca Nortje,

NG Kerk Strand-Noord se Kinderkerk Koördineerder.

Ander Kix-groepe is welkom om van hulle ook te laat hoor!